KONINKRYK. LES 43

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	**DEEL** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **ESEGIËL 2, 18, 33 en 34**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Esegiël 2, 18, 33 en 34). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (5 minute) ***[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]*** **(16) ROMEINE 12:16**

Repeteer twee aan twee.
(16) Romeine 12:16. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.

4	**ONDERRIG** (85 minute) ***[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]*** **DIE TALENTE**

"Die gelykenis van die talente" in Matteus 25:14-30 is 'n gelykenis oor
BELONING IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

"'n Gelykenis" is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse
(Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Matteus 25:14-30.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?
Aantekeninge.

'n Man wat sy besittings aan sy slawe toevertrou het. Hy het aan elkeen van sy drie slawe 'n verskillende bedrag geld gegee om daarmee handel te drywe. "'n Talent" is 'n bepaalde maat van gewig wat verskillende waarde gehad het in verskillende periodes van die wêreldgeskiedenis. In die tyd van Jesus het die Attiese talent bestaan uit 6000 denarii. Één denarius was gelyk aan 'n dagloon vir 'n soldaat of landarbeider. Hy sou meer as 20 jaar lank moes werk om één talent te verdien! Hierdie man was waarskynlik 'n baie ryk sakeman wat sy geld gedurende sy afwesigheid wou vermenigvuldig.

Die eienaar het aan elke slaaf geld toevertrou in ooreenkoms met sy bekwaamheid. Die eienaar was 'n wys sakeman. Omdat hy geweet het dat sy slawe nie almal dieselfde saaklike vaardighede gehad het nie, het hy aan die eerste slaaf vyf talente toevertrou, aan die tweede slaaf twee talente en aan die derde slaaf één talent. Vergeet nie dat één talent gelyk is aan twintig jaar arbeid!

Die twee slawe het met hul talente handel gedryf. Die eerste twee slawe het hul verdienste verdubbel. Die verhaal sê niks oor hoe hulle handel gedryf het nie. Ons moet aanneem dat dit op 'n baie eerlike manier plaasgevind het!

Die derde slaaf het die geld van die eienaar weggesteek. Hy het die taak wat aan hom toevertrou was, verwaarloos. Omdat daar maklik ingebreek kon word in huise, het hy die talent êrens op 'n verborge plek in die grond begrawe (Matteus 6:19; 13:44). Hierdie slaaf het sy taak verwaarloos, nie omdat hy in vergelyking met die ander twee slawe minderwaardig gevoel het nie. Hy het sy taak verwaarloos omdat hy lui was en omdat hy 'n ongegronde verdenking teen die eienaar gekoester het!

Daar kom 'n tyd wat daar afgereken word. Toe die eienaar van sy sakereis teruggekeer het, het hy van sy slawe rekenskap gevra.

---

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 24:1 - 25:13.

In Matteus 24 gee Jesus aan sy dissipels onderrig oor die tekens van die tye en die teken van sy wederkoms aan die einde van die tye. Niemand weet wanneer daardie dag (van die wederkoms) en uur kom nie (Matteus 24:36). Daarom moet elke Christen voorberei wees, sober lewe en waaksaam bly asof Jesus Christus elke oomblik kan terugkeer na die aarde (Matteus 24:42,45-46). Dit is die konteks van die volgende drie gelykenisse: die gelykenis van die getroue en ontroue slaaf, die gelykenis van die tien meisies en die gelykenis van die talente.

Telkens as Jesus sê: "Die koninkryk van God is soos .... (ANV: Dan sal dit met die koninkryk van God gaan soos ...) dan leer Hy mense wat gebeur gedurende die heerskappy van God nou op die teenswoordige aarde en wat gaan gebeur gedurende die heerskappy van God in die laaste fase by die wederkoms van Jesus Christus. Op die laaste oordeelsdag het hierdie gebeurtenisse al plaasgevind. Dit beteken dat mense wat vandag lewe opgeneem is in die gebeurtenisse wat in hierdie gelykenisse beskrywe word! Elke gelykenis van Jesus Christus het 'n boodskap vir jou en my vandag!!! Wat plaasvind tussen die eienaar en sy drie slawe beskryf wat sal plaasvind tussen Jesus Christus en elke mens op aarde. Netsoos die eienaar van sy slawe rekenskap gevra het, sal Jesus Christus by sy wederkoms van elke mens in die wêreldgeskiedenis rekenskap vra.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 25:14-30.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 25:28-20.

Dit gaan oor wat daar nou in die koninkryk van God op aarde gebeur en wat daar by die wederkoms van Christus gaan gebeur. By sy wederkoms sal Jesus Christus van elke mens rekenskap vra.

---

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!
Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Aantekeninge.

Die koninkryk van God (Matteus 25:1,14).

- **Definisie van die Koninkryk van God.** Die koninkryk van God is meer dan die sigbare Gemeente/Kerk/Liggaam van Christus of die wêreldwye gemeenskap van belydende Christene.

- Psalm 24:1. Die koninkryk van God is die koningskap of die soewereine heerskappy van God in die hemel oor alle mense en alle dinge van ewigheid tot ewigheid (Psalm 145:13; 146:10; Jeremia 10:10; 1 Timoteüs 6:16).
- Matteus 28:18. Die koninkryk van God is die heerskappy van God op die aarde deur Jesus Christus (Johannes 13:3; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; Kolossense 1:15-20; Openbaring 1:5; 17:14; 19:16).
- Openbaring 1:5-6. Die koninkryk van God is gebaseer op die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus gedurende sy eerste koms na die aarde (Matteus 21:39,42-43; 28:18; Handelinge 2:36) en die toepassing daarvan in gelowiges deur die Heilige Gees (Romeine 14:17).
- Lukas 17:20-21. Die koninkryk van God is God se heerskappy wat erken word in die harte en werksaam is in die lewens van gelowige mense (Matteus 6:10,33; 25:34-40).

- **Die koninkryk van God lei tot vier sigbare terreine:**

- Markus 10:25-26. Die koningskap van God word openbaar in die verlossing van gelowiges (Christene) van begin tot einde: hul uitverkiesing in die ewigheid (Efesiërs 1:4-5), hul wedergeboorte in die tyd (Johannes 3:3-8), die veranderinge in hul lewe (1 Korintiërs 6:9-11) en die opstanding van hul liggaam by die wederkoms van Christus (1 Korintiërs 15:24-26). Wanneer Christene God se soewereine koningskap erken en gehoorsaam, lei hul verlossing tot alle geestelike en materiële seëninge vir gees en liggaam (Efesiërs 1:3).
- Matteus 16:18-19. Die koningskap van God word geopenbaar in die vestiging van alle gelowiges in die enige Gemeente/Kerk op die aarde (Efesiërs 1:20-23; 1 Petrus 2:4-5,9-10). Die Gemeente/Kerk is die gemeenskap van mense in wie se harte en lewens God se soewereine heerskappy erken en gehoorsaam word.

- Matteus 25:34-40. Die koningskap van God word geopenbaar in die goeie werke van gelowiges in elke aspek van die menslike maatskappy (hul invloed op intellektuele, emosionele, liggaamlike, sosiale en geestelike terreine) soos geregtigheid, barmhartigheid en liefde (Romeine 14:17).
- 1 Korintiërs 1:24-26. Die koningskap van God word uiteindelik geopenbaar in 'n vrygekoopte en verloste heelal, d.w.s., die nuwe hemel en die nuwe aarde met al sy heerlikheid in die toekoms, die finale realisering van God se verlossingswerk in die mense wat Hy geroep het (Matteüs 25:34; 2 Petrus 1:11; Openbaring 11:15).

• **Die koninkryk van God het vyf kenmerke:**
- Matteus 12:28. Die koninkryk van God word *gevestig tydens die eerste koms van Jesus Christus* na die aarde (Matteus 21:43).
- Johannes 18:36. Die koninkryk van God *in* die teenswoordige wêreld, maar *nie van* die teenswoordige (sondige) wêreld nie (Lukas 17:21).
- Matteus 13:11-17. Die koninkryk van God is *'n openbaring* van God aan gelowiges, maar tegelyk *'n raaisel* vir ongelowiges
- Matteus 13:24-26,36-43. Die koninkryk van God het *'n teenswoordige vorm* op die aarde en *'n toekomstige vorm* op die nuwe aarde.
- Matteus 13:31-33. Die koninkryk van God *begin klein*, maar groei en sal uiteindelik *alles vervul* (Daniël 2:34-35,44-45).

Die reis van die eienaar. Omdat die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis veral te make het met die koninkryk van God in die eindtyd wanneer Jesus Christus van alle mense rekenskap sal vra, verteenwoordig die buitelandse reis van die eienaar die lang periode tussen die eerste koms en die wederkoms van Jesus Christus. Tot die wederkoms van Jesus Christus moet alle mense met hul toevertroude talente handel drywe. Die bedoeling van Jesus met hierdie buitelandse reis was om aan die dissipels duidelik te maak dat Hy nie op pad na Jerusalem was om daar 'n welvarende Joodse staat op te rig nie (Handelinge 1:6). Hierdie gelykenis vernietig die verwagting van 'n koninkryk op aarde wat lyk op die ander koninkryke op die aarde (Johannes 18:36). Jesus Christus spoor sy dissipels aan om geduldig te wag en met volharding te werk met die oog op die koninkryk van God in sy laste fase: die nuwe hemel en die nuwe aarde. Jesus waarsku Christene om nie lui of werkeloos te wees nie, maar spoor hulle aan om ywerig te werk, omdat hulle mag weet dat hulle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie (1 Korintiërs 15:58).

Die eienaar en die beheerders van sy eiendomme. Die talente behoort aan die eienaar en nie aan sy slawe nie. Die talente word aan die slawe toevertrou om daarmee handel te drywe en die waarde van die talente te vermeerder. Hierdie detail is relevant. Alleen één is die eienaar en die slawe is niks anders as sy rentmeesters of beheerders wat sy eiendomme beheer en verantwoording sal moet aflê by die terugkeer van die eienaar!

Die eienaar het aan elke slaaf geld toevertrou in ooreenstemming met hul bekwaamheid. "'n Talent" kan nie alleen maar 'n natuurlike talent of geestelike genadegawe verteenwoordig nie, omdat die eienaar "aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee het" (Matteüs 25:15)! "'n Talent" verteenwoordig daarom 'n geleentheid (kans) om sake te doen en die vermoë wat aan hul toevertrou was te vermeerder! Hierdie verskillende hoeveelhede van geleenthede (kanse) om sake te doen is natuurlik verbonde aan die verskillende natuurlike vermoëns en geestelike genadegawes wat elk van hierdie mense ontvang het. Hierdie detail is relevant. God gee verskillende geleenthede (kanse) aan mense om wat aan hul toevertrou was te vermeerder. Selfs één talent is 'n baie groot bedrag! Dit verteenwoordig die inkomste van twintig jaar harde werk! Selfs al sou jy maar één geleentheid (kans) in die koninkryk van God kry, is dit baie werd! Laat daarom daardie één kans nie verby gaan nie! Selfs die kleinste wat God aan mense toevertrou het, het baie betekenis vir God!

Die twee slawe het met hul talente handel gedryf. Wat belangrik is, is nie die hoeveelheid talente (geleenthede/kanse) wat God gee nie, maar wat die slawe met dit wat aan hul toevertrou was gedoen het! Hierdie detail is relevant. Op die laaste oordeelsdag maak dit nie saak hoeveel geleenthede (kanse) iemand gekry het nie, maar wel met watter trou en ywer (toewyding) hy sy geleenthede (kanse) benut het!

Die derde slaaf het sy talent weggesteek. Hy het sy geleenthede (kanse) nie benut nie. Sy sonde was die sonde van versuim of nalatigheid, d.w.s., ongehoorsaamheid aan die opdrag van die eienaar. Hierdie detail is relevant. Nie alleen dinge doen wat God verbied is sonde nie, maar ook dinge nalaat/versuim wat God gebied het, is sonde (Matteus 25:41-45; Jakobus 4:17)!

Die afrekening. Afrekening is dikwels 'n tema in die gelykenisse. Byvoorbeeld in die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar (Matteus 18:23), in die gelykenis van die boere en die wingerd (Matteüs 21:34), in die gelykenis van die talente (Matteüs 25:19) en die gelykenis van die tien goue muntstukke (Lukas 19:15). Daarom is dit die plig van elke slaaf om te bly dink aan die dag van afrekening wanneer die eienaar terugkeer! Hierdie detail is relevant.

Dieselfde beloning vir verskillende toevertroude besittinge. Dit is 'n relevante detail. Omdat sowel die eerste as die tweede slaaf trou met hul talente gehandel het, is hulle altwee oor baie aangestel. Altwee het die geld wat aan hulle toevertrou was, verdubbel. Daarom het altwee dieselfde beloning gekry. Hulle het die goedkeuring van die eienaar ontvang en mog deel in die vreugde (die teenwoordigheid) van die eienaar. Dit verteenwoordig die vreugdevolle feesmaal in die koninkryk van God in sy laaste fase (Matteus 8:11).

Die straf vir nalatigheid. Dit is 'n relevante detail. Die slegte en luie slaaf is hard gestraf. Hy is in die diepste duisternis daarbuite gegooi, waar hulle huil en op hul tande kners, d.w.s., die hel (Matteus 8:12).

Die beginsel met betrekking tot beloning en straf. 'n Belangrike beginsel in die koninkryk van God is: "Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word" (Matteus 25:29; Markus 4:24-25; Lukas 8:18; 19:26). Hierdie detail is relevant.

- **Eerstens beloof hierdie beginsel dat trou en ywer beloon sal word.**

Alleen deur gebruik te maak van die deur God gegewe geleenthede (kanse) om die take (opdrag) wat God aan ons toevertrou het, uit te voer, word Christene ryk (Lukas 10:29-37; Galasiërs 6:10; 1 Tessalonisense 5:15). Dit is seker waar met betrekking tot geestelike sake. Dit is nie moontlik om stil te bly staan nie! 'n Christen gaan vorentoe of agtertoe! Hy maak wins of verlies. Sy inkomste vermeerde of verminder! Elk deur God gegewe seën is 'n waarborg vir verdere seëninge wat kom. Uit sy volheid ontvang hy genade op genade, netsoos die golwe van die see wat aanhoudend bly aanrol (Johannes 1:16)! As 'n Christen gebruik maak van wat God aan hom toevertrou het, sal sy geleenthede (kanse) nooit verlore gaan nie en ook nie ophou nie, maar steeds meer word en so sal sy invloed en bydrae steeds groter word.

Volgens Markus 4:24-25 sal 'n Christen wat die Woord van God (die Bybel) lees en bestudeer, steeds groter seëninge van die Bybel ontvang! En volgens Matteus 13:11-12 en Markus 4:13 sal 'n Christen wat sy hart vir die Woord van God oopmaak, dertig-, sestig- en honderdvoudig vrug dra.

Volgens Matteus 7:7-8 sal 'n Christen wat bid antwoorde op sy gebede ontvang en volgens Jakobus 4:2-3 sal mense wat nie bid nie ook nie antwoorde ontvang nie.

Volgens Spreuke 11:24 en Lukas 6:46 sal 'n mens wat vryelik uitdeel ook steeds meer besit, maar 'n mens wat suinig is, sal arm word.

En volgens Matteus 25:29 sal 'n mens wat gebruik maak van sy deur God gegewe geleenthede (kanse), steeds meer geleenthede (kanse) kry, maar 'n mens wat sy geleenthede (kanse) negeer, sal alles misloop.

- **Tweedens waarsku hierdie beginsel dat ontrou en versuim gestraf sal word.**

Elke Christen kry geleenthede (kanse), nie om homself te verryk nie, maar om die koninkryk van God te bevorder. 'n Christen is nie 'n geïsoleerde lidmaat van die Liggaam van Christus (die Gemeente/Kerk) nie. 'n Lid wat bydra aan die groei van die Liggaam, groei saam met die Liggaam, maar 'n lid wat niks bydra nie, verwelk en sterf! Wanneer 'n mens die taak (opdrag) wat aan hom toevertrou is, versuim, word sy geleenthede (kanse) van hom weggeneem. (Letterlik:) "Omdat jy die kennis (ANV: jou taak om hulle aan My/die Here toe te wy) verwerp het, verwerp Ek jou as priester" (Hosea 4:6). "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip (Grieks: die Hoeksteen) geword. ... Daarom sal die koninkryk van God van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sou lewer" (Matteus 8:12; 21:42-43)!

---

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. '*n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.
Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die talente in Matteüs 25:14-30 gaan oor "beloning in die koninkryk van God".

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: "Mense moet trou en ywerig gebruik maak van die geleenthede (kanse) wat God aan hulle gegee het. Hulle moet dit doen in ooreenstemming met die deur God gegewe natuurlike vermoëns (talente) en geestelike genadegawes. *God sal trou en ywer beloon, maar ontrou en versuim straf!"*

Trou is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers in die koninkryk van God is trou en ywerig met betrekking tot die geleenthede (kanse) wat God aan hulle gegee het in ooreenstemming met hul natuurlike vermoëns (talente) en geestelike genadegawes (Grieks: charismata). Wie sy deur God gegewe opdrag (taak/verantwoordelikheid), hetsy groot of klein, vervul, sal ervaar dat sy geleenthede (kanse) vermeerder en sy verantwoordelikhede groter word. Maar wie sy deur God gegewe opdrag (taak, verantwoordelikheid verwaarloos (negeer, versuim), sal ervaar dat ook wat voorheen aan hom toevertrou was nou ook weggeneem word.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste

verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
Aantekeninge.

(1) Rentmeesterskap van ons besittinge in hierdie tyd.

Lees Genesis 39:2-6; Lukas 16:2; 1 Korintiërs 4:1-2,7; 2 Korintiërs 5:19-20; 1 Petrus 4:10.
1 Korintiërs 4:7 sê: “En wat besit jy wat jy nie onvang het nie?” As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?” Die Bybel leer dat alles wat ons besit aan God behoort en dat God dit toevertrou aan wie Hy wil. Ons is slegs rentmeesters van God en sy besittings. By die wederkoms van Christus moet ons rekenskap aflê van alles wat aan ons toevertrou is.

(2) Verantwoording aflê is alleen moontlik by die wederkoms.

Lees Matteus 24:9-14; 25:5,19; 28:18-20; 2 Tessalonisense 2:2-3; 2 Petrus 3:4-9; Openbaring 20:1-3,7-11.
Hoe lang duur dit nog voordat Jesus Christus terugkeer by sy wederkoms? Hy het vanaf die begin geweet dat Hy lank sou wegbly. Daar moet nog baie historiese dinge plaasvind voordat Jesus Christus terugkeer by sy wederkoms. Hy moes nog eers sterf en uit die dood opstaan, na die hemel opvaar en die Heilige Gees uitstort. Dan moes die evangelie van die koninkryk in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor en ontelbare mense uit alle volke deur die Heilige Gees wedergebore en verander word vóór die wederkoms van Jesus Christus! Daar moet eers baie dissipels van Jesus Christus gemaak word in al die nasies van die wêreld. Dus die koms van die Bruidegom duur nog ’n lang tyd! “Die lang periode” voor die wederkoms van die Here is ’n relevant detail in die Bybel.

(3) Verantwoording aflê met betrekking tot jou rentmeesterskap by die laaste oordeel.

Lees Prediker 12:14; Matteus 25:19,35-45; Lukas 12:47-48; Romeine 2:16; 2 Korintiërs 5:10; Openbaring 20:13.
Wat gebeur met elke mens op die laaste oordeelsdag? Elke mens sal verantwoording moet aflê vir sy gedagtes, woorde, motiewe, houding en dade gedurende sy hele lewe! Hy moet selfs verantwoording aflê vir wat hy nagelaat het om te dink, sê en doen! Die laaste oordeel sal ooreenkomstig ’n mens se werke/dade wees (Romeine 2:6; 2 Korintiërs 5:10) - wat hy gedoen het met wat aan hom toevertrou is. God sal sy werke oordeel in ooreenstemming met sy kennis van God se wil (Romeine 2:6; 2 Korintiërs 5:10) en in ooreenstemming met hoe hy gebruik gemaak het van al die geleenthede (kanse) wat God aan hom gegee het (Matteus 25:14-30).

(4) God sal maai waar Hy nie gesaai het nie.

Lees Eksodus 5:7-9; 1 Konings 12:11; Matteus 25:15.
Wat die slegte, lui slaaf oor God gesê het, naamlik, dat God oes (maai) waar Hy nie gesaai het nie, is nie waar nie!

Twee Bybelgedeeltes gaan oor maai waar ’n mens nie gesaai het nie en altwee Bybelgedeeltes is historiese gebeurtenisse wat oor slegte mense praat! Volgens Eksodus 5:7-9 het Farao geprobeer oes waar hy nie gesaai het nie. Sonder om aan die Israeliete strooi te gee, het hy geëis dat hulle eweveel bakstene as voorheen moes maak. Volgens 1 Konings 12:11 het koning Rehoboam ook geprobeer om te oes waar hy nie gesaai het nie. Hy het aan die volk gesê, “My pa het ’n swaar juk op julle gelê, ek gaan die juk nog swaarder maak; my pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels (letterlik: skerpioene) slaan.”

Maar die God van die Bybel is nie soos die slegte Farao of die slegte Rehoboam nie. God oes nooit waar Hy nie eerder gesaai het nie! Maar Hy sal seker oes waar Hy gesaai het! Hy het gesaai deur aan elke mens ’n opdrag en talente te gee! Volgens Matteüs 25:15 gee God aan elke mens minstens één talent (geleentheid, kans) in ooreenstemming met sy natuurlike en geestelike vermoëns! Wanneer Hy opdragte (take) aan mense uitdeel, hou Hy rekening met die persoonlikheid en kapasiteit van elke mens. Hy het gesaai en daarom is dit billik dat Hy ook oes! Mense sal seker rekenskap aan God moet aflê!

(5) Menslike verontskuldigings om geen rentmeester (beheerder) van talente te wil wees nie.

Lees Matteus 7:15-23; 22:5; 25:21,23,44-45; Lukas 13:26-27; 14:18-20.
Watter verontskuldigings maak slegte mense teenoor God? Byvoorbeeld die volgende:

Volgens Matteus 25:24-25 het die slegte slaaf sy opdrag (taak) versuim nie omdat hy minderwaardig gevoel het nie, maar omdat hy God verdag gemaak het! Hy het die eienaar van hardheid en onredelikheid beskuldig. Netso beskuldig sommige mense God vir hulle eie sondes en versuim.

Volgens Lukas 13:26-27 sal sommige mense beweer dat hulle hul op die aarde met Christus geassosieer het, dat hulle met hom geëet en gedrink het en na sy onderrig geluister het. Maar Christus sal aan hulle sê dat Hy hulle nie ken nie, d.w.s., dat Hy geen persoonlike verhouding met hulle het nie.

Matteus 7:15-20 praat oor die verhouding van Christen dissipels teenoor valse Christen profete en leraars in hul midde. Uiteindelik sal die slegte invloed van hierdie sogenaamde Christene duidelik aan die lig kom.

Matteus 7:21 spreek oor die verhouding van Christen dissipels teenoor naam-Christene in hul midde. Terwyl naam-Christene wel Christus met hul mond bely, doen opregte Christene die wil van God.

Matteus 7:22-23 spreek oor die verhouding van Christen dissipels teenoor valse Christen wonderwerkers in hul midde. Alhoewel valse Christene preek en selfs wonders verrig, is hulle nie deur Christus geroep nie en gevolglik ook nie deur Christus geregverdig (gered) nie. Hulle verrig waarskynlik hul wonders deur die mag van demoniese magte.

Volgens Matteüs 25:44-45 sal sommige mense sê dat hulle Christus op die aarde nooit in nood gesien het nie. Maar Christus sal teen hulle sê dat wat hulle nie aan één van sy broers (ander Christene) gedoen het nie, hulle dit ook nie aan Hom gedoen het nie.

Volgens Matteüs 22:5 sal sommige mense sê dat hulle geen tyd gehad het om te doen wat God van hulle gevra het nie, omdat hulle te besig was met hul eie sake en loopbaan op die aarde.

En volgens Lukas 14:18-20 sal sommige mense allerlei verskonings maak om maar nie te reageer op die oproep van Christus om hul te bekeer nie. Een mens sal sê dat hy net 'n stuk grond gekoop het en dit wil gaan besigtig. 'n Ander man sal sê dat hy net vyf paar osse gekoop het en hy hulle moet gaan uitprobeer. 'n Derde man sal sê dat hy net getrou het en daarom nie kan kom nie. Dus slegte en luie slawe sal allerlei verskonings maak om Jesus Christus nie te volg, te aanbid of te dien nie.

(6) Die belonings vir trou rentmeesterskap.

Lees Matteus 25:21,23; 2 Timoteüs 4:8.
Hoe sal die troue en ywerige slawe beloon word? Hul teenswoordige verantwoordelikhede (opdragte, take) wat hulle trou en ywerig op hierdie aarde uitgevoer het, sal ver oortref word deur die verantwoordelikhede wat hulle op die nuwe aarde sal kry! Bowendien sal hulle deel kry aan die vreugde by God en sy koninkryk in sy definitiewe fase!

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
Aantekeninge.

(1) Alle mense moet weet hoe God is.

God sal elke Christen uit genade beloon by die laaste oordeel. Maar al hierdie belonings word gegee, nie omdat hulle dit verdien nie, maar puur uit God se genade en liefde vir hulle. Volgens Efesiërs 2:10 is selfs die goeie werke van Christene gebaseer op God se genade!

(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.

Wat belangrik is, is om God trou en met ywer te dien. Die ware burgers van God se koninkryk is trou en ywerig m.b.t. hul moontlikhede en geleenthede (hul talente) wat God aan hulle toevertrou het. God beloon nie sukses of resultate as sodanig nie, maar wel trou en ywer (toewyding). Sien supplement 15: "die gelykenis van die goue muntstukke".

(3) 'n Belangrike beginsel.

'n Belangrike beginsel in die koninkryk van God is: "Aan elkeen wat het, sal meer gegee word en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het weggevat word" (Matteus 25:29).

- Deur nie gebruik te maak van dit wat God aan ons toevertrou het, sal ons alles wat ons nog het ook verloor.
- Deur gebruik te maak van dit wat God aan ons toevertrou het, sal ons in geestelike rykdom groei!

5	**GEBED** (8 minute) ***[REAKSIES]*** **GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD**

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	**VOORBEREIDING** (2 minute) ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van "die talente" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Esegiël 36, 37, 38 en 39**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **(17) Romeine 12:17-18**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 14:1-23**.
   Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.